FPD
Seed & Development (Edms)Bpk

**Merlot House, Vineyards Office Estate, 99 Jip de Jager Drive, Bellville, 7500 : SOUTH AFRICA**
**PO Box 5202 : TYGER VALLEY : 7536**
**Tel: +27 21 913 2591 Fax: 086 692 0293**
**daan@fpd.co.za / financial@fpd.co.za**

## DIE SNY VAN MOERE

Sny net die heel grootste moere indien nodig aangesien dit 'n hoë risiko vir vrot inhou wanneer Erwinia voorkom.

**Indien gesny gaan word, die volgende:**

1. Ontsmetting van messe:
   1.1. Elke persoon het twee messe in 'n houer gevul met 'n 2% Sporekill (kwatranere amonium) oplossing.
   1.2. Ruil die mes om na elke knol.
   1.3. Vervang Sporekill oplossing as dit troebel geword het van die stysel in die knolle. Moet nie aanhou optop nie.
2. Plant moere so gou moontlik na sny indien grond temperature onder 15 °C is, aangesien genesing van die wonde beste plaasvind by hoë lugvog.
3. Indien grond temperature >15 grade celsius is:
   3.1. Moet gesnyde moere eers by >95% lugvog en 12 °C gestoor word vir genesing om plaas te vind.
   3.2. Daar mag nie vry vog op die knolle voorkom nie.
   3.3. Genesing kan tot 21 dae neem.
   3.4. As met duim oor wond trek en vel kom nie af nie is genesing voltooi.
4. Tydens die ontsmetting van messe is daar die risiko dat die Sporekill meer nekrose op die wond sal veroorsaak. Dit kan aanleiding gee tot meer dooie materiaal vir saprofiete in die grond om op te voed. Dit kan moontlik negatief inwerk op die heling van die wond. Om die effek te verminder kan oorweeg word om die mes na doop in die 2% Sporekill weer in 'n 0.15% Sporekill oplossing te druk voor die knol gesny word om oormatige Sporekill op die mes te verwyder.
5. Moet nie moere wat gesny is of gaan word doop behandelings gee nie.
   5.1. Indien moere behandel moet word kan dit gepoeier word of gebruik 'n ultra-lae volume toediener op die sorteer band met 150 ml Sporekill per 100 liter water in die spuitmengsel.
   5.2. Bevestig met die verskaffer dat geen fitotoksiese risiko bestaan vir die middel waarmee behandel word as gevolg van die snywond.
6. Indien die heel moere wat nie gesny gaan word nie, gedoop moet word moet 150 ml Sporekill per 100 liter water in die doopmengsel gebruik word om die opbou van siektes te vertraag.